

Maandag

Paassondag Lukas 24: 36 – 48; Romeine 8: 1-17. Teks Rom. 8: 15. “Die Gees wat aan julle gegee is, maak julle nie tot slawe nie en laat julle nie weer in vrees lewe nie; nee, julle het die Gees ontvang wat julle tot kinders van God maak en wat ons tot God laat roep: “Abba!” Dit beteken "Vader. ” Tema: 'Jesus het uit die dood uit opgestaan om ons tot 'n nuwe lewe op te wek.' Christus het op Paassondagoggend uit die dood opgestaan om self weer as mens lewend te wees vandag. Christus se opstanding was nie 'n geestelike ervaring van die dissipels waarin Jesus "in" hulle sou opgestaan het nie, d.w.s. in hulle hart en gees lewend sou geword het nie of in hulle aanbidding opgewek is nie. Die verskyning van Christus op Paassondagaand was vir hulle 'n skrikwekkende, angsvolle skok gewees - nie 'n wonderlike geestelike ervaring nie. Net soos die verskyning van 'n geliefde by wie se graf ons Vrydag gestaan het en dan Sondagaand weer by ons sou wees en vir ons sou sê: “Vrede vir julle.” Hulle het gedink hulle sien 'n spook. Daarom kondig die Here vir hulle aan dat Hy nie na sy opstanding uit die dood 'n gees is nie, maar die mens van vleis en bloed, liggaam en siel, wat Hy voor sy dood op Vrydagmiddag nog was. Jesus is op Paassondagoggend nie die dissipels se geestelike opwekking, herlewing of aandoening gewees nie. Hy was weer Homself gewees, mens van vleis en bloed én God self. Dit is wie Jesus vandag nog steeds is: mens van vleis en bloed in die hemel én God, die Skepper, met ons! Omdat Christus vandag Homself is, gee Hy aan ons die Gees wat ons opwek tot die nuwe lewe wat Hy vir ons geskep het deur sy lyding en opstanding. (Rom. 8:16) Preek beskikbaar op Google by ngkerkleuvubu.co.za Ds Petrus.

Dinsdag

Paassondag Lukas 24: 36 – 48; Romeine 8: 1-17. Teks Rom. 8: 15. Tema: "Jesus het uit die dood uit opgestaan om ons tot 'n nuwe lewe op te wek." Die NUWE LEWE wat Christus ons in laat deel en in ons opwek beskryf Paulus in Rom. 8 só: 'n lewe wat aan die eise van die wet voldoen; 'n lewe waar ons besig is met die dinge van die Gees; 'n lewe wat deur die Gees beheers en gelei word; 'n lewe waar die Gees ons God se kinders maak en ons verseker dat ons erfgename van die Abrahamsbelofte is waarin God onderneem dat Hy ons God is en sal sorg dat ons sy kinders is; 'n lewe waarin ons aan Christus behoort. Die OU LEWE waarvan die Here ons losgekoop het, is só: 'n lewe wat beheers word deur en waarin ons, ons deur ons sondige natuur laat lei: waarin ons besig is met die dinge van die ou natuur en onder die wet van sonde en dood leef; waar ons nooit aan die eise van die wet kan voldoen nie. Die gróótsste fout wat ons met die verskil tussen die OU lewe en die NUWE lewe waartoe Christus ons opwek maak, is die oortuiging dat die ou lewe is 'n sedelose, normlose en slegte lewe, en die nuwe lewe is 'n lewe van goeie dade, goeie waardes en goeie bedoelings. Dit is hoe hierdie verskil in mense se godsdienstige praatjies oor hoe hulle tot bekering sou kom, aan ons VERKEERDELIK voorgelê word. Paulus beskryf die WERKLIKE verskil tussen 'n lewe as kind van God onder die beheer van die Gees en 'n lewe buite Christus,

onder die beheer van die sondige natuur, as die verskil tussen die lewe van kinders en slawe. Nie die verskil tussen slegte slawe en goeie kinders nie, maar goeie slawe en goeie kinders": die Jode en hulle geestelikheid (en ook baie 'Christene' vandag!) is God se goeie SLAWE, maar Christene is sy goeie KINDERS . Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds Petrus.

Woensdag

Paassondag Lukas 24: 36 – 48; Romeine 8: 1-17. Teks Rom. 8: 15. Tema: "Jesus het uit die dood uit opgestaan om ons tot 'n nuwe lewe op te wek." Die Joodse geestelikheid met al hulle gebede, bekerings en gehoorsaamheid (en so ook baie "Christene" vandag) is volgens Paulus God se goeie slawe: "ek kan van hulle getuig dat hulle vol ywer vir God is, maar sonder die regte insig. Rom.10: 2 en "want Jerusalem en sy kinders is slawe" Gal. 4:25. 'n Goeie arbeider is lojaal, hardwerkend, pligsgetrou en moet nie vir sy werkgewer pla met sy persoonlike probleme nie. Die Here verander ons egter van sy goeie arbeiders na sy goeie kinders. Dit doen die Here deur ons (wat sy goeie arbeiders was/is) as sy kinders aan te neem. Sy aanneming maak ons sy goeie kinders. Rom. 8:15. Dit is net soos wat 'n werkgewer een van sy werknemers as sy eie kind sou aanneem. Goeie kinders moet nie lojaal, hardwerkend, pligsgetrou en sonder persoonlike laste vir God wees nie. Goeie kinders is iets anders: hulle is liefdevol en toegewyd, en hulle probleme is hulle ouers se lus om vir hulle goeie ouers te wees. God maak met hierdie lewensverandering (aan neming) sy goeie WERKERS (soos die Jode) tot sy KINDERS wat vir Hom goed genoeg is, deur ons in te sluit en te laat deel in alles wie Jesus as mens vandag in die hemel is. Dit is wat regverdigmaking (verkeerdelik as vryspraak vertaal in die NAV) in die boek Romeine beteken: God laat ons en ons lewe vir Hom reg wees deur ons van sy goeie slawe na sy goeie kinders te verander, deur aanneming in Christus. So máák God ons deur sy Gees sy liefdevolle en toegewyde kinders wat Hom aanroep as Abba, ons Vader wat in die hemel is! Liefdevol omdat ons vervul is met sy liefde as God en toegewyd omdat Hy ons gebroke liefde vir Hom self as die volle liefde van sy kinders deur Jesus heilig. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds Petrus.

Donderdag

Paassondag Lukas 24: 36 – 48; Romeine 8: 1-17. Teks Rom. 8: 15. Tema: "Jesus het uit die dood uit opgestaan om ons tot 'n nuwe lewe op te wek." Die lewensverandering om ons as se God arbeiders, God se kinders te maak, stel elke gelowige voor 'n baie groot lewensaanpassing. Ons mag onself nie meer as God se werkers sien, só dink, só voel, of só optree nie. Ons moet die lewe en gedrag van 'n kind aanleer en die van 'n werker afleer. Hierdie lewensaanpassing noem Paulus die beheersing, die leiding deur die Heilige Gees en om as kind van God besig te wees met die dinge van die Gees. Wat is hierdie beheersing, leiding en om besig te wees met die dinge van die Gees? Dit is om besig te wees met jou kindskap van God deur jou aanneming te glo, God te ken en te vertrou dat Hy jou insluit in Christus om alles wat Hy as mens op aarde was en vandag in die hemel is, met jou te deel: dat jy

só deel in sy lyding, kruisiging, sterwe en opstanding, dat jy só vir God regverdig en heilig is. Kinders van God laat hulle deur hierdie Heilige Gees beheers. Dit beteken dat hulle hulself aanvaar as God die Vader se onskuldige kinders, sonder enige veroordeling, vervloeking en enige moontlikheid van verwerping deur God die Vader omdat hulle in (verenig met) Christus is. Hulle laat hulle nie deur skuld, oordeel, vervloeking en verwerping beheers nie, maar wie hulle in Christus is. Rom. 8:1 Kinders van God laat hulle lei deur die Heilige Gees. Dit beteken hulle aanvaar en leef in die sekerheid dat God hulle liefhet, vir hulle goed is, genadig is, met hulle lankmoedig en barmhartig is vir al die sondes en probleme waarmee hulle sukkel. God lei hulle as Goeie Herder deur sy goedheid, liefde, genade en barmhartigheid en hulle volg glo? vertrou? Hom hierin. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds Petrus.

Vrydag

Paassondag Lukas 24: 36 – 48; Romeine 8: 1-17. Teks Rom. 8: 15. Tema: "Jesus het uit die dood uit opgestaan om ons tot 'n nuwe lewe op te wek." Om jou deur jou sondige natuur te laat beheers en besig te wees met die dinge van die sondige natuur is om, nadat God jou as sy kind aangeneem het, nog steeds jouself as een van God se goeie werkers te sien en só te dink, te voel en te leef. God se goeie werkers hou hulle só besig: die vrees vir sy oordeel, straf, vervloeking, en verwerping; hulle hou hulle besig met hulle skuld, sonde, onregverdigheid en hulle onheiligheid. Dit is met hierdie dinge waardeur hulle God se guns wil wen, sy goedheid wil verdien, sy genade wil afpleit, sy barmhartigheid kan waardig wees, nes goeie werkers vir 'n baas. Daarom hoor hulle in God se Woord net plig en krag, nooit liefde en toewyding nie. Die aankondiging van 'n nuwe tipe gehoorsaamheid in Rom. 8: 4: "Nou kan ons aan die eise van die wet voldoen!", hoor hulle met 'n arbeidersmentaliteit van plig en krag, net soos arbeiders op 'n plaas! Wanneer die boer hulle aanspreek oor hulle te stadig werk, dan sê hulle dit is die gras-kapmesse wat te stadig is, hulle soek meer krag, petrolgrassnyers! Wanneer die boer nog nie tevrede is nie, soek hulle 'n trekker met 'n grassnyer - meer krag sal hulle, hul plig kan laat nakom. Hierdie is die werkersmentaliteit van die geestelike vernuwings en herlewings in die moderne Christelikeid. Die dinge waarmee hulle hul besig hou, is om nog meer goddelike krag te probeer kry sodat hulle die wet as plig presies kan gehoorsaam. Hulle wil nie glo dat God sy ARBEIDSWET (die wet van sonde en dood !) na sy KINDERWET (die wet van die Gees!) verander het nie. Onder die wet van die Gees is gelowiges se liefde en toewyding as kinders nou vir die Vader goed genoeg is, al is dit nie volgens die wet volkome reg nie. (Rom. 8:2). Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za. Ds Petrus